NEWTON PRIMÊRE SKOOL / PRIMARY SCHOOL

Nuusbrief 21/2018 — 01 November 2018

Die 4de kwartaal is al halfpad en ons is vinnig besig om na die einde van die kwartaal toe aan te beweeg. 'n Groot dankie aan al ons leerlinge, personeel en natuurlik u as ouers wat gehelp het om van hierdie kwartaal 'n groot sukses te maak. Dankie aan al ons ouers wat betrokke was by dié jaar se Wildsveiling. '***n Bedrag van R180 000 is ingesamel tydens hierdie projek en ons dank aan elkeen wat 'n bydrae gelewer het.*** Hier is net weer 'n paar belangrike datums asook belangrike inligting rondom prysuitdelings en vergaderings:

BELANGRIKE INLIGTING

Jaarblad ⇨ Slegs oudste en enigste kind kry 'n gratis jaarblad aan die einde van 2018.
Die voorwaarde is dat u skoolfonds opbetaal moet wees!

Prysuitdeling - Datums

Sportprysuitdeling ⇨ Dinsdag, 06 November 2018 (18h30) – Newton Skoolsaal
(Leerders wat Noord Kaap / Griekwaland Wes-kleure behaal het)

Top 10 Prysuitdeling ⇨ Donderdag, 08 November 2018 (12h00) – Newton Skoolsaal

Akademiese Prysuitdeling ⇨ Donderdag, 08 November 2018 (18h30) – Newton Skoolsaal

Graad 7 Afskeid ⇨ Vrydag, 09 November – 10h00 tot 14h00 – Newton Swembad

Grondslagfase Prysuitdeling ⇨ Vrydag, 09 November 2018 (Alle leerders ontvang sertifikate)
Graad 1 → 08h00 – 09h00 – Newton Skoolsaal
Graad 2 → 09h30 – 10h30 – Newton Skoolsaal
Graad 3 → 11h00 – 12h00 – Newton Skoolsaal

Graad 1 2019 Inligtingsaande ⇨ Afrikaans → Dinsdag, 13 November om 18h00
Engels → Woensdag, 14 November om 18h00

Algemene Jaarvergadering met ouers ⇨ Maandag, 12 November 2018 (WAS Basson Saal)
(Begroting is ter insae beskikbaar in Mnr. Boonzaier se kantoor.)

EKSAMEN BEGIN

Graad 1-7 ⇨ Maandag, 12 November tot Vrydag, 23 November

Ouers let asseblief dat 'n nuwe rooster hierby aangeheg word. Weens Departementele voorskrifte was ons genoodsaak om die rooster te verander. Jammer vir die ongerief.

Graad 7 Kom-haal-funksie ⇨ Vrydag, 23 November 2018 (11h00 – 12h00).
Die Graad 7 leerlinge se ouers word uitgenooi na hierdie funksie in die WAS Bassonsaal. U het die geleentheid om u kind weer te kom haal net soos u hom/haar afgelaai het sewe jaar gelede.

Diskonto Boeke ⇨ Diskonto Boeke besoek ons skool weer op 19 & 20 November (08h00 tot 14h00). Leerlinge kan dan 'n geldjie saambring en boeke aankoop.

Newton Sport & Kultuur

Redenaars ⇨ Baie geluk aan Alexcyn Steenkamp wat 'n derde plek behaal het tydens die Nasionale Radikale Redenaars kompetisie. Voorwaar 'n groot prestasie. Ons is baie trots op jou Alexcyn.

Atletiek ⇨ Baie dankie aan Mnr. Lourens de Kock en sy span vir 'n uitstekend gereëlde Summer Sport Challenge byeenkoms. Baie geluk aan ons atlete wat deelgeneem en goed gedoen het. Baie geluk ook aan ons atlete wat gaan deelneem het aan die Jim Fouché byeenkoms in Bloemfontein. Dankie aan Mev. Inge Viviers wat hierdie leerlinge onder haar vlerk geneem het vir die dag.

Tennis ⇨ Baie geluk aan ons tennisdogters wat hierdie kwartaal liga wedstryde gespeel het. Newton waardeer julle opoffering. Newton wens ook die spelers geluk wat goed gedoen het tydens die Frances Baard Proewe en baie sterkte vir die voorbereiding van die Noordkaap Proewe in Januarie 2019.

Swem ⇨ Baie dankie aan al ons swemmers wat deelgeneem het aan die Summer Sport Swemgala. Dankie vir julle mooi gedrag en baie dankie aan Juffrou Elisma Swanepoel en aan span vir die puik reëlings.

Krieket ⇨ Baie geluk aan ons 0/13A krieket seuns wat as wenners gekroon is in die Pro 20 toernooi. Ons is baie trots op julle en dankie vir mooi sportmangees tydens die toernooi. Dankie aan Mnr. Boonzaier en Mnr. Van Wyk vir al u tyd en opoffering met die seuns.

Let asseblief daarop dat alle buitemuurse aktiwiteite eindig op 02 November 2018, behalwe waar daar met die kinders self gereël word.

Personeelverjaarsdae:

04 November – Mnr. Marius Brink (6A)
14 November – Mev. Esnah van der Mescht (3E)
04 November – Mnr. Gerrie Enslin (Rekenaars / Wisk)
21 November – Me. Zahné Botha (Gr. 6E)

Halkettweg/Road, Kimberley 8301
✉ 110231, Hadison Park 8306
☎ (053) 831-1705 / (053) 831 5058
Fax: (053) 833-1951 / Admin: (053) 831-8244
newtonps@mweb.co.za
newtonls@telkomsa.net
newtonls.sport@telkomsa.net
www.laerskoolnewton.co.za